Aan: min. Pravin Gordhan
Solidariteit se begrotingswenke: 2012

1. **Onderwys: Leerlinge vlug uit openbare skole – beperk die onderwysbegroting en steun op burgerlike inisiatiewe.**
   Die onderwysprobleem in Suid-Afrika het nie te make met 'n tekort aan fondse nie, maar met die onderwysmodel. Hierdie strukturele probleme verdien dringend aandag en sal nie deur meer befondsing opgelos word nie.

   In die 2003-begroting is R69 miljard vir onderwys begroot en in 2008 R121 miljard, byna dubbeld so veel. Dat hierdie geld verkwis is, blyk onder meer daaruit dat slegs 'n derde soveel leerlinge as wat in 2008 in gr. 10 was in 2010 matriek geslaag het. In 2011 is R190 miljard vir onderwys begroot en is dit vooruitgeskat dat die onderwysbegroting vanjaar byna drie maal so veel as in 2003 sal wees.

   Tussen 2003 en 2008 het die getal swart en bruin leerlinge in privaat skole met ongeveer 60% toegeneem. In die Oos-Kaap, waar staatsonderwys in 'n ernstige verknorsing sit, het leerlingtalle in privaat skole oor die laaste tien jaar met 480% toegeneem. Die verbetering van onderwysuitkomste in Suid-Afrika is afhanklik daarvan dat die regering minder aan onderwys bestee en minder inmeng in goed-funksionerende staatskole.

   Daar moet ruimte gelaat word vir burgerlike onderriginstellings soos die Solidariteit-verwante inisiatiewe Sol-Tech en Akademia, asook soos die sowat 1400 privaat skole wat die staatsonderwysstelsel reeds regdeur die land vervang. Goed-funksionerende staatskole behoort nie die teiken van verdere staatsinmenging te wees nie, maar moet in die hande van ouerbeheerliggame gelaat word.

2. **Staatskuld: Beperk staatskuld**
   Staatskuld is tans die snels groeiende kategorie in die gekonsolideerde staatsbegroting. Voorsiening vir die toename in rentebetalings het in verlede jaar se begroting reeds op gemiddeld 16% per jaar tot in 2013/14 gestaan. Hierteenoor word daar wel in die middeltermynbegroting van verlede jaar voorsien vir 'n afname in die groeitempo van rentebetalings na 'n gemiddeld van 14,4% oor die tydperk tot 2014/15.

   Hierdie voorgenome afname is egter nie gerusstellend nie, aangesien die staatsbegroting 'n rekord van groter as verwagte besteding het. Tot dusver was hierdie groter as verwagte besteding tot 'n mate deur groter as verwagte belastinginkomste uitgebalanseer, maar die vooruitsig dat dit volgehou sal kan word, is skraal.

   Fiskale verantwoordelikheid is belangrik om te verseker dat Suid-Afrika nie verdere negatiewe kredietgraderings ontlok en sodoende aan selfs groter skuldkoste blootgestel word nie.

3. **Infrastruktuur**

Alhoewel pres. Zuma in sy begrotingsrede aanduidings van groot infrastruktuur-uitbreidings gegee het, is Solidariteit besorgd dat dit lyk asof dit feitlik uitsluitlik deur die openbare sektor gedryf sal word, met groot implikasies vir staatskuld.

Solidariteit verwelkom dit as verbruikers besluit om eerder te spaar sodat daardie gespaarde hulpbronne deur privaat instansies na infrastruktuur gekanaliseer, en die ekonomie se langtermynproduktiwiteit verhoog word. Solidariteit is van mening dat die beste manier om ware infrastruktuurbelegging teweeg te bring by die privaat sektor berus; en dat die regering dringend die struikelblokke daarvoor uit die weg moet ruim – onder meer deur sekerheid van eiendomsreg te waarborg.

Solidariteit is ook bekommerd dat groot staatsgeleide infrastruktuurprojekte gaan beteken dat die belastingbetaler die risiko en koste van daardie projekte moet dra, terwyl disproporsionele voordeel daarvan na sommige maatskappy-eienaars sal gaan wat dit teen gesubsidieerde koste kan gebruik.

4. **Belasting: Verlaag belasting vir ekonomiese groei**

Hardwerkende Suid-Afrikaanse werkers en sakelui is moeg daarvoor om leeggetap te word van hul swaarverdiende geld – geld waarvan daar aanhoudend bedrae in polities verbonde mense se sakke beland en wat grootliks wanbestee word. Die gekonsolideerde staatsbegroting sal waarskynlik vanjaar vir die eerste keer deur die vlak van R1 biljoen breek – ’n nominale verdubbeling sedert die 2006-begroting. Suid-Afrikaners glo egter nie vir een oomblik dat hulle dubbeld soveel waarde uit die staat kry soos skaars ses jaar gelede nie.

Hulpbronne wat die staat bestee is hulpbronne wat nie elders deur die privaat sektor bestee kan word nie:of dit nou deur persoonlike inkomstebelasting, maatskappybelasting, petrolheffings, BTW of enige ander heffing is. Dít verhoed die privaat sektor – die ware bron van groei in die ekonomie – om nuwe ondernemings van stapel te stuur en só waarde te skep.

Vir ware, volhoubare groei in die ekonomie is ’n algemene belastingverlaging nodig, en behoort die regering meer fiskale verantwoordelikheid aan die bestedingskant aan die dag lê.